

Hoofstuk 5.4

EPILOOG: EMBLEEM EN ALMA MATER (vervolg) EN GEDENKBOEK



“Gebore uit die nag van smaad sien ons jou staan as Wonderdaad,
bokant die hoëveld oop en wyd: Dis hier waar ons studente leer
tradisies van hul volk te eer, om mense uit een stuk te wees
gesond na liggaam en na gees. Refrein: In al ons handel, spel en werk
hoor ons jou roepstem magtig sterk van liefde en geloof en hoop.
Skoon gaan die toekoms voor ons oop, trou deur die nag die koers gerig,
want ‘in U lig sien ons die Lig.’ ”

- SJ Pretorius 1951



5.4.1 “ ‘n Bietjie laat geslaap”

Die behoefte aan ‘n nuwe embleem in die nuwe bedeling sou eers ‘n jaar of so na selfstandigwording bevredig word, hoewel die feesverrigtinge self baie paslik onder die vaandel van ‘n spesiaal ontwerpte sierembleem geloods is. Daar is ook maar ‘n bietjie laat geslaap, vir sover dit die verkryging van ‘n nuwe Alma Mater betref, met die gevolg dat die nuwe lied eers in Augustus 1951 aanvaar, daarna gekomponeer en toe eers in 1952 amptelik in gebruik geneem is.

Met ‘n beplande gedenkboek het dit veel slechter gegaan.

5.4.2 Nuwe embleem

Kort voor sy dood en kennelik met die oog op die nuwe, onafhanklike status wat op hande was, het rektor Ferdinand Postma ‘n kommissie met volmag benoem om “sorg te dra vir die argeologiese, heraldiese en estetiese korrektheid van ons wapen”. Hierdie mededeling is ‘n week of wat na Postma se oorlye deur prof HG Stoker aan die Senaat gedoen, wat sonder aarseling die optrede gekondoneer het.¹ Daar was ook ‘n verdere opdrag of besluit dat ‘n spesiale embleem vir gebruik in die beplande gedenkprogram gemaak moes word.² Hierdie twee besluite, en die uitvoering daarvan, plaas die fokus op die gebruik en ontwikkeling van die embleem in die voorafgaande jare.

Net soos die geval is met die wanpersepsies rondom die herkoms en die ontstaan van die PUK-embleem³ (**hoofstuk 2.2**) heers daar ook groot verwarring en is daar uiteenlopende weergawes rondom die ontwikkeling van hierdie unieke embleem sedert die twintigerjare. Sommige weergawes wil dat ‘n embleem wat in 1919 deur die kunstenaar JH Pierneef ontwerp sou gewees het – ‘n opvatting wat reeds in gemelde hoofstuk as ‘n mite bewys is – tot en met 1951 (of selfs 1953) in gebruik was.⁴ Ook in interne amptelike dokumentasie van die Universiteit was daar allermins klarheid en eenstemmigheid oor hoe sake presies in mekaar gesteek het.

Die Totius-Kamp embleem, om dan die PUK se eerste amptelike embleem by sy regmatige naam te noem, is vanaf 1923 tot aan die einde van 1939 as amptelike embleem van die Universiteit gebruik. Jaar na jaar het dit so op die buiteblad van die jaarboek gepryk, asook op korrespondensiestukke. Die embleem wat as sakwapen vir kleurbaadjies gebruik is, blyk ook ‘n prototipe te wees. Die PUK-studente se eerste jaarblad, wat in 1926 as *Studenteblad* verskyn maar vanaf 1927 die naam *Besembos* dra, het aanvanklik ook hierdie embleem gebruik. Vanaf 1936 word *Die Veteraan* as oudstudenteblad uitgegee, maar met ‘n



5.4.1

“Jaarboek”-embleem (Totius/Kamp) embleem.



5.4.2

“Veteraan”-embleem

ietwat aangepaste embleem op die voorblad. Ook *Studente-handboekie* wat in 1937 verskyn, maak van laasgenoemde gebruik.

Vir ‘n paar jaar lank word hierdie dubbelvorm van die embleem in PUK-verband gebruik, totdat die jaarboek in 1940 oorskakel na die “Veteraan-embleem”. Op sy binne-titelblad het *Die Besembos* hul voorbeeld gevolg. Nêrens in die beskikbare dokumentasie word verklarings aangetref vir die geringe afwyking van die oorspronklike embleem nie.



Intussen het die Senaat die regte ten opsigte van die wapen aan die Studenteraad laat toekom, want in Mei 1938 is 'n registrasiesertifikaat kragtens die wet op die beskerming van name, uniforms en wapens uitgereik.⁵ Dit is die Veteraan-embleem wat in 1938 amptelike en dus heraldiese status verkry het.

Vir ongeveer 'n dekade lank is daar stilte op hierdie front totdat, op die voorbeeld van selfstandigwording, nuwe roersele ervaar is, en wel met die aanstelling van die reeds genoemde kommissie deur rektor Postma.

Wat betref die behoefté aan 'n spesiale feesembleem, rapporteer prof Stoker op 28 Februarie 1951 "dat 'n wapen geteken en 'n blok vir die gedenkprogram gemaak is". Die vierkleurige blok moes egter om tegniese redes oorgemaak word.⁶ Die kunstenaar was mnr FW Leuschner, dosent in Kuns aan die POK en deeltydse dosent aan die PUK.

In Oktober 1999 vertel 'n afgetrede dr Leuschner vanuit Pretoria die storie agter hierdie embleem: "'n Afvaardiging van die Universiteit het my destyds genader met die versoek om 'n wapen te ontwerp met die Joodse kandelaar as hoofmotief. Hierdie kandelaar moet 'n akkurate en getroue weergawe van die Bybelse kandelaar wees. Beeldmateriaal is vir hierdie doel aan my voorgelê. Ek het enkele voorbeelde met verskeie idees van hoe die lint met die woorde 'In U Lig' gebruik sou kon word, voorgelê soos dit dan ook deur u afdrukke uitgebeeld word. (Rowwe sketse is nog in my besit.) Ek het destyds ook op die volgende probleem gewys: wanneer die wapen verklein moet word om as briefhoof te dien, dan sal die 'detail' van die kandelaar verlore gaan. Ek stel toe voor dat 'n vereenvoudigde, 'gestileerde' ontwerp oorweeg kan word, soos ek toe in skets 5 aangedui het. Ek weet nie wat toe verder gebeur het nie."

En só word daar toe fees gevier en word die vaandel wat deur Leuschner ontwerp is, op die gedenkprogram en in 'n spesiale feesnommer van Koers gebruik. Vreemd genoeg, is vir die uitnodigingskaartjies gebruik gemaak van 'n ontwerp wat reeds in 1949 deur Die Veteraan gebruik is en wat weer op die omslag van sy 1950 en 1951 uitgawes asook op Die Besembos van 1950 verskyn. In hierdie aangepaste Veteraan-ontwerp



5.4.3

Dr FW Leuschner

5.4.5

Veteraan se aangepaste embleem, 1949.

5.4.4

Leuschner se fees-embleem.



5.4.6

Leuschner se gestileerde embleem wat egter nie aanklank gevind het nie.

is die lint met die letters "P.U.K." bo-aan die embleem verwyder. Ook die PUK-jaarboek van 1951 het hiervan gebruik gemaak.

Met die feesopdrag uitgevoer en die Leuschner-voorleggings gebruik en gelasseer, verskuif die aandag na die breëre opdrag en besluit die Senaat "om verdere aandag te gee aan die ontwerp van 'n wapen vir die PU met gebruikmaking van die advies van kunstenaars soos Pierneef". En so beland die aangeleentheid van "n "nuwe of veranderde wapen vir die Universiteit" op die tafel van die Senaatsbestuur – vreemd genoeg, weer buite die Studenteraad om. Daar is bloot kennis geneem dat die Studenteraad ook 'n beslissing afwag "met die oog op die bestelling van nuwe voorrade wapens, ens".⁷

Met selfstandigwording het die Senaatsbestuur omvorm tot 'n Uitvoerende Komitee (UK) en wys hierdie komitee op 4 April 1951 vir proff G Dekker (voorsitter), HG Stoker en S du Toit aan om die saak te behartig.⁸

Op 27 Junie 1951 rapporteer prof Stoker aan die Senaat dat die komitee "twee voorstelle verteenwoordigende twee gedagterigtings" aan Pierneef voorgelê het. "Mnr. Pierneef se ontwerpe sal in oorweging geneem word voordat tot 'n uiteindelike besluit geraak word."⁹ Dit was duidelik dat daar baie graag 'n Pierneef bekom wou word.

Op 1 Augustus lig Dekker, 'n persoonlike vriend van Pierneef, die UK in "dat die oorspronklike wapen deur Pierneef ontwerp, nou in sy (prof. Dekker) se besit is." Drie weke later rapporteer hy as sameroeper van die komitee aan die UK oor die vordering en word verskeie embleme vertoon, "bv. die oorspronklike wapen deur Mnr. Pierneef ontwerp, die wapens ontwerp deur Mnr. Leuschner en wat tydens die feesvieringe met selfstandigwording gebruik is en nuwe wapens deur Mnr. Pierneef ontwerp."¹⁰

Die verwysing na die "oorspronklike wapen deur Mnr. Pierneef ontwerp" is verkeerdelik deur vroeëre verklaarders van toepassing gemaak op die vereenvoudigde, gestileerde ontwerp wat deur Leuschner vir gebruik op briefhoofde voorgelê is.


Heel waarskynlik het Pierneef, nadat hy deur prof Dekker oor die saak genader is, in sy argiewe gaan rondkrap en toe afgekom op die embleem wat hy in 1922 aan proff du Toit en Kamp voorgelê het, maar wat nie net so aanvaar kon word nie en wat toe in die vergetelheid verval het. Hierdie ontwerp dra Pierneef se handtekening en 'n inskripsie, kennelik in die handskrif van prof Dekker, wat lui: "Ou Tekening van eerste ontwerp".

Gekoppel aan Dekker se aangehaalde opmerkings oor "die oorspronklike wapen deur Mnr. Pierneef ontwerp" en "nuwe wapens deur Mnr. Pierneef ontwerp", kan aanvaar word dat hierdie ondertekende skets ongetwyfeld Pierneef se 1922-ontwerp was.



5.4.7

"Oorspronklike" Pierneef (1922).



5.4.8

Erich Mayer en sy embleem

Teen die dertigerjare het nog 'n Hollands-Afrikaanse kunstenaar tot die embleemterrein van die PUK toegetree, naamlik Erich Mayer, met 'n nuwe ontwerp vir die studenteblad Besembos. Dit bevat, net soos Pierneef se ontwerp vir die blad Veritas Vincet in die vroeë twintigerjare, 'n besembos tesame met die Totius/Kamp embleem, binne 'n sieromramming waarin laasgenoemde saam met die geyekte Korps-embleem herhaal word. Maar ook hierdie ontwerp sou spoedig verdwyn en uiteindelik sou net die besembos as sodanig oorblý.



5.4.9

Ontwerp deur Hendriksz aan komitee voorgelê. Sekere wysings is voorgestel.



5.4.10

Hendriksz se finale voorlegging, wat aanvaar is.



5.4 Epiloog: Embleem en Alma Mater (vervolg) en gedenkboek

(13)

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION	
STAATSARGIEF • GOVERNMENT ARCHIVES	
Ref. No. 261138 Name: NP Hartman Enquiries	f. 5 - 1 Date: H. 4/3/1/47.
Die Registratur PU vir CHO POTCHEFSTROOM	BUREO VIR HERALDIK Private Bag X 236 Pretoria 0001
Meneer	1980 - 10 - 27
UNIVERSITEITSWAPEN	 31-10-1980 Die Universiteit van Suid-Afrika mir U.L.G.
1. In antwoord op 'n telefoniese navraag van u kantoor verstrek ek graag die volgende besonderhede in verband met die kleure van die Universiteitswapen.	
(a) Die eerste registrasiessertifikaat wat kragsenaar die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens-wet (Wet 23 van 1935) aan die Studenteraad uitgereik is (nr. 79 dd 6 Mei 1938), bevat die volgende wapenskrywing: "Op 'n kantangebrui agtergrond 'n skild met 'n wit rand wat die voorstelling van 'n kandelaar bevat; die geheel rus op 'n rol met die woorde IN U LIJG".	
(b) Op 22 Feb. 1961 is 'n nuwe aansoek ingedien wat soos volg op die aansoekvorm bekyrwe is: " 'n Skild wat bestaan uit 'n brandende goue kandelaar met sewe arme op 'n rooi-bruin (maroon) agtergrond". Ten opsigte van hierdie aansoek is registrasiessertifikaat Nr. 127/1/62 dat 15 Aug. 1962 uitgereik met die volgende wapenskrywing: "Op 'n skild met 'n omsonning van goud en rooi, in rooi (donkerrooi) 'n goue brandende kandelaar met sewe arms. As wapenspreuk, op 'n rooi lint met goue en rooi rand oor die ombruint van die skild, in letters van goud: IN U LIJG".	
2. Ek vertrou dat dit die gevawens is wat u verlang.	
Die uwe 	
STATSHERALDIKUS	



5.4.11

Registrasie van die PUK-embleem by die Raad van Heraldiek IN 1938. Dié embleem is eers vanaf 1949 gebruik.

Die UK het die saak bespreek en die oorspronklike Pierneef-tekening aanvaar, maar deur prof Dekker 'n versoek tot die kunstenaar gerig "om die inhoud van die wapen so te verander dat dit aan heraldiese eise voldoen".¹¹ Die Senaat het ook sy goedkeuring hieraan geheg en teen die einde van November verneem dat Pierneef nog besig was met die afwerking daarvan.¹²

Maar weer loop dinge skeef. Weens 'n hartaanval kon Pierneef nie die nodige afronding doen nie en lig hy die registrateur dienooreenkomsdig in: "Met alle grafiese werk kan ek nijs aanvang nie, daar my regterarm baie ongestadig is en te bewerig om lynwerk te doen. As u baie haastig is met die ontwerp, sal u maar iemand anders moet kry." Hy stuur die ontwerp saam en gee ook die naam van die kunstenaar W de S Hendriksz deur, vir die afwerking van die embleem.¹³

Pierneef se aanbeveling is aanvaar en Hendriksz het geredelik toegestem om die afronding te doen. Na 'n tydjie het hy 'n eerste verwerking van Pierneef se embleem ingedien, wat volgens UK-mening ietwat gewysig moes word.¹⁴ Die wysings is aangebring en die nuwe, tweede Hendriksz-verwerking van die embleem is deur die Senaat aanvaar. Vanweë haas om die embleem op diploma- en graadsertifikate aan te bring, is Hendriksz versoek om sommer self die blokke te laat maak.¹⁵

Hierdie embleem, wat in werklikheid dus die gesamentlike produk van kunstenaars Pierneef en Hendriksz was, het vanaf 1952 as amptelike embleem van die PUK gedien.

Daar was tevredenheid dat hierdie nuwe embleem aan heraldiese vereistes voldoen het.¹⁶ Om een of ander rede is die embleem eers in Augustus 1962 amptelik geregistreer. Later sou blyk dat hierdie embleem tog nie aan heraldiese vereistes voldoen het nie en sou die saak in 1992, veertig jaar na die verkryging daarvan, reggestel word. Daar is toe, wonder bo wonder, feitlik teruggegryp na die in-1951-verwerpte voorlegging wat Leuschner gemaak het vir gebruik op briefhoofde, ens. Maar steeds onder die waan dat dit 'n Pierneef was!

5.4.3 Nuwe Alma Mater

Die betreding van die nuwe fase het meegebring dat kritisies na die dinge van die verlede gekyk sou word. En so kom dit dat ook 'n behoefte gevoel word aan 'n nuwe studentelied of Alma Mater, waarin uitdrukking gegee sou word aan die mylpaal wat behaal is. Soos met die toekenning van en beheer oor PUK-kleure, is die beskikking oor PUK-liedere en spesifiek ook die Alma Mater aan die studente oorgelaat.

Dat die Alma Mater hoog geag is in die studentelewe, blyk uit die feit dat die studentekoerant in Junie 1950 die studente voor stok gekry het oor hul gebrek aan patriotisme, soos blyk uit die oneerbiedige houding wat tydens die sing van die volkslied en die Alma Mater openbaar word. 'n Verwaande "hand-in-die-broeksak-houding" is geensins van pas by sulke geleenthede nie, het Die Wapad gemaan.¹⁷



Die WAPAD

STUDENTEBLAD
van die
P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 24 AUGUSTUS 1951 No. 8.

S.R. Keur Nuwe Alma Mater-Lied Eenparig Goed

DIE DIGTER.

S. J. Pretorius: Sarel Jacob Pretorius, die digter van ons nuwe Alma Mater-lied, is in Postmasburg, K.P. gebore. Sy liefde vir poësie het die deur die onderrig van sy vader, wat onderwyser in Afrikaans was, ontwikkel. Hy matriculeer aan die Hoër Gimnasiumskool op Potchefstroom en voltooi sy studies aan die P.U.K. vir C.H.O. Na die studie word hy onderwyser in Johannesburg. Mrn. Pretorius is ook 'n bekende sanger. Hy is nou aan die Uitsaalkorporasie as samsteller en vertaler verbond. Hy is met mev. A. Swanepoel getrou. Hy is die vader van 'n seun. Hulle is tans in Linden, Johannesburg, woonagtig.

BEGELEIDENDE BRIEF.

In 'n begeleidende brief meld mnr. Pretorius die volgende:

„Wat die gedig self betreue: u het my aan bande gelê met 'n voor-skrif oor die aantal reëls wat die gedig verkiesslik moet wees. Uit die aard van die saak lê so 'n beperking 'n mens yslike moeilikhede in die weg, want jy wou eintlik nog baie meer gesê het en dan is jou reëls alweer gevul! Terwyl die gedig vir homself behoort te spreuk wil ek u darem graag vertel wat die opset is: eerstens moet mens die godsdienskarakter van die P.U. vir C.H.O. in gedagte hou en dié het ek veral in dit reflein probeer uitdruk. Origens hang daar mee saam die gedagte aan ons volk. Die het ek in die tweede strofe probeer uitdruk. Die gedig van dus van aantvang tot einde uiteen in drie stukke nl. die enger kring van die Universiteit assodanig, dan die volk en dan die godsdienskarakter.

„Laat my toe om l.v.m. die gedig self nog net te sê dat in die eerste strofe, die derde vers-reël:

.... „bokant die hoëveld oop en wyd“...

„Oop en wyd“ hier slaan op die hoëveld, nie op die Universiteit nie.“

NUWE ALMATER-LIED.

Die gedig lui soos volg:

„Gebore uit die dag van smaad
sien ons jou staan as Wonderdaad,
bokant die hoëveld oop en wyd:
„Dis hier waar ons studente leer
tradisies van hul volk te eer,
om mense uit een stuk te wees
gesond na liggaam en na gees.
Refrain: In al ons handel, spel en werk
hoor ons jou roepstem magtig-sterk
van liefde en geloof en hoop.
Skoon gaan die toekoms voor ons oop,
trou deur die dag die koers gerig,
want „In U lig sien ons die Lig.“

Hoe maklik loop dinge nie verkeerd nie! 'n Sug te veel of 'n seen te lank—en die lewe is daarna nooit weer dieselfde nie.

Erekleur ook op Kulturele gebied

Sterk Besware Daarteen

In 'n onderhoud het Mrn. A. S. Smit, Voors. van die A.B.K.K., verklaar dat erkleure geen monopolie van die sportmanne hou nie. Die sterke besware teen die toekenning daarvan op kulturele gebied kom van sportmanne en kan s.i. almal herlei word tot een beswaar, nl. tradisie.

Hy het voorts verklaar: As 'n argument op tradisie berus, is dit sekerlik 'n sterk argument, maar ons moet 'n paar dinge nie uit die oog verloor nie: :

In die eerste plek is erkleure geen vergoeding nie, maar 'n uitrigting vereer hulle op wie se prestasies hy trots voel met die best wat hy het: sy erkleure. Dit is vir hom net so 'n eer dat die kleure toekenken word, as vir die draer. Sou 'n uitrigting dan alleentrots voel op die prestasies van een groep studente die wat lede is van die sportklubs? Daar bestaan geen besware om gewone kleure aan alle studente toe te ken nie, maar juis erkleure mag alleen aan sportmanne gegee word.

As dit nou die sportklubs was wat beheer gehad het oor erkleure, sou ons die posisie kon begryp; maar hulle maak slegs aanbevelings. Die hoogste gesagdraende ligg in die studenteleweken die kleure toe, en waarom sou ons hom beperk by een groep studente terwyl daar ander is wat net soveel tyd opgeoffer en soveel moeite aan die dag gele het as sportmanne, om die uitrigting van kleure aan die Konserwatoriumstudente behels, te

(Vervolg in Kolom 5).

LUCILLE DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die Jongste.
Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

P.U.-Kleure aan Studente Musiekonservatorium

Die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. is bereid om aan studente van die Musiekonservatorium van die P.U., wat vir geen universitaire graad of diploma ingeskryf is nie, maar wat getuenis gegee van 'n gesonde belangstelling en positiewe hydrae aan en onderskeidelike deelname binne die vryheid van die studenteklubiteite, P.U.-kleure toe te ken as 'n eretoekeoming.

Hierdie eenparige besluit van die S.R. is die neerslag van same-sprekings wat met die S.R. van 1950, onder leiding van mnr. W. J. de Klerk as voorsitter, 'n aanvang geneem het. Aan Mrn. B. Spoelstra, toentertydse S.R.-lid en huidige voorsitter, is deur die S.R. van 1950 opgedra om 'n grondige studie van die verhouding van P.U. tot die Konservatorium te maak en 'n verslag, wat die toekekening van kleure aan die Konserwatoriumstudente behels, te lever.

Volgens verneem het mnr. Spoelstra 'n volledige en mees gewaardeerde verslag ingedien en in sy verslag i.s. Konservatoriumkleure hom as volg oor die verhouding uitgelaat.

„Hoewel dit eintlik twee sake met geen wesensband is nie, is die Konservatorium onder beheer en 'n stigting van die P.U.K.“

(Vervolg op bladsy 2).



In U Lig
 (Vir ons Universiteit gedig en getooset.)

Woerde: Totius

Musiek: M. C. Roode.

Stadig

(1) Ge - se - ead om u lig, o Bro's, o Eers - be-gin - sel, ew - ge Son! Ut
 (2) Blink tree hul uit en won-der-klaar, maar hul-le't hul ge - heim be - waar. Hoe-

sen - ne - we - sens uit - ge - scaai met trans - on - den - te nuur ge - laai.
 seer ons in die diap - te meet, ons hup na van 'n "lig - jaan" weet.

Music score for three voices (Soprano, Alto, Bass) and piano. The piano part includes a bass line. The vocal parts are in common time, with the piano part in 2/4 time.

5.4.12

Totius se "In U Lig", wat as Alma Mater bedoel was maar na die studente se smaak te "swaar" was.

Die nostalgie oor selfstandigwording het ook die Alma Mater in die kollig geplaas en op SR-vlak is 'n behoefte gevoel aan 'n nuwe lied, om by die nuwe status aan te pas. Presies wanneer hier toe besluit is, kon nie vasgestel word nie. Weens die aanwesigheid van beide die SR-voorsitters van 1950 en 1951 op die hoofkomitee vir die feestelikhede van Maart 1951 kan geredelik aanvaar word dat ook hierdie behoefte deur die gees van die tyd geprikkel is – hoewel so iets seker maar baie omsigtig hanteer sou moes word, vanweë die eerbiedwaardige Totius se hand in die ou Alma Mater.

Uit Totius se pen verskyn wel in hierdie tyd die gedig "In U Lig", getoonset deur musiekdosent MC Roode en wat in die gedenkprogram gepubliseer en tydens die hooffees op 17 Maart 1951 deur 'n studentekoor gesing sou word.

Dit wil voorkom asof "In U Lig" bedoel was as 'n nuwe Alma Mater, maar dit het nie die studente geval nie, soos blyk uit notules van die Studenteraad. Nadat die voorsitter, Bouke Spoelstra, op 21 Februarie 1951 aan mede-SR-lede toelighting gegee het oor "korrespondensie oor 'n lied vir die P.U. met Prof. Stoker", word genotuleer, dat Totius se poging alleen paslik was as 'n geleentheidslied en nie op intervarsities gesing kan word nie. Direk hierna word besluit dat mnr SI Pretorius genader sal word oor 'n nuwe Alma Mater.

en dat 'n opdrag in hierdie verband, aan die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (ABKK), dus verval.¹⁸

Reeds op 27 April 1951 berig die studentekoerant kortlik dat die SR met mnr Pretorius, 'n oudstudent, geskakel het en dat hulle "ter eniger tyd 'n moontlike nuwe studentelied inwag".¹⁹ Die hiernaas gepubliseerde voorblad van *Die Wapad* vertel die storie verder.

In die loop van hierdie ondersoek na die geskiedenis van die PUK is talle feitefoute en wanopvattings oor aspekte van hierdie geskiedenis teengekom, maar dié kroon is gespan deur die byna aandoenlike aanbieding, in GCP van der Vyver se gedenkboek *My ervenis is vir my mooi* (1969), van die gevierrede Afrikaanse en PUK-diger Totius (prof JD du Toit) as die skepper van die PUK se Alma Mater. Treffend, só word aan lesers voorgehou (ook: "Kan dit beter?"), "het Totius die verlede van hierdie gesmade vesting en die roeping van hede en toekoms vasgelê in die 'Alma Mater' ". Daarna word die lied in sy volheid aangehaal. Nie alleen is dit 'n skreiende onreg teenoor Pretorius as skepper van die gevoelvolle lied nie, maar onderstreep dit net weer die gevær wat opgesluit lê in gedenkboeke of enige ander histories-gefundeerde opdragte waarin nie ten volle rekening gehou word met die eise wat sodanige opdragte stel nie.

Met hierdie oorwinningslied, wat die dramatiese herryenis uit die nag van smaad tot 'n wonderdaad besing, sou in die sewe kandelare straal, koers gerig word op 'n lonkende skone toekoms.

5.4.4 Gedenkboek

In die reël word gedenkboeke vooruit beplan, vir publikasie by die toepaslike herdenkingsgeleenthed. Nie dat dit altyd 'n sukses is nie: dikwels word sodanige opdragte so kort voor die besondere geleenthed gegee dat dit onmoontlik is om dit na wense uit te voer. Die gevolg is dan óf 'n afskeepwerk óf 'n by-nabaat-publikasie. Soms loop sulke beplanning in die sand, of kry dit heel ander vergestalting.

Dit wil voorkom asof die PUK so besig was om sy stryd te stry dat daar nie tyd was om vooraf aandag aan 'n gedenkboek te gee nie. Trouens, dit was tot korts voor D-dag nog nie 'n uitgemaakte saak dat PUK wel die nuwe, hoër status sou verkry nie, en dit sou aan arrogansie kon grens indien lank tevore reeds in hierdie rigting gedink of gewerk is. 'n Gedenkprogram, ja; dis haalbaar – en dan maar later opvolg met 'n waardevolle gedenkboek. Só het die koppe gewerk ...

Die gedenkprogram was wel iets besonders, en die geleentheid ten volle waardig. 'n Heel besondere item



is die voorwoord wat die ontslape rektor – tipies van sy manier van doen – reeds in September die vorige jaar geskryf het. Daarnaas, ‘n kort maar gevoelvolle “In Memoriam” deur sy lewenslange vriend, Totius, wat ook vir die feesgeleentheid die gedig “In U Lig” geskryf het (getoonset deur MC Roode).

Gelukwense en boodskappe, verantwoording van die nuwe universiteit se Christelike karakter, kriptiese aantekeninge oor aspekte van die geskiedenis en bekendstelling van die verskillende vertakkinge van die universiteit maak interessante leesstof uit. Die ruimskootse gebruik van foto’s verhoog die waarde van die publikasie, terwyl dit spoggerig afgesluit word met ‘n lys van publikasies en navorsingsuitsette waarin veral die aktiwiteite van J Chris Coetzee, G Dekker en HG Stoker opval.

By die inhoudsopgawe, wat heel aan die einde van die lywige program van 94 bladsye verskyn, is ‘n kort nota wat aandui dat die program ten tye van prof Postma se dood reeds aan die drukkers oorhandig is. En, belowe die redaksie: “In ons Gedenkboek wat ons teen die end van 1951 hoop uit te gee, sal o.a. ‘n volledige lewensbeskrywing van prof. Postma opgeneem word.”

Dit was makliker gesê as gedoen.

Die idee van die gedenkboek was maar weer afkomstig van prof Stoker.²⁰

‘n Indrukwekkende redaksie is deur die breë Publikasiekomitee aangewys: HG Stoker as voorsitter, saam met J Chr Coetzee en DJ van Rooy. En daar is groot beplan, hoog gemik: na omvang ongeveer 400 bladsye, van hoë wetenskaplike gehalte en boonop “so omvattend ... dat dit as naslaanwerk diens kan doen en dat dit nie nodig sal wees om later weer ‘n geskiedenis van ons Universiteit tot op datum te skrywe nie”.

Die beoogde gedenkboek is in afdelings en temas verdeel, altesaam 17 medewerkers is aangewys en riglyne vir medewerkers deurgegee. Die drie afdelings was: A: Die geskiedenis van ons Universiteit; B: Christelike Wetenskap en C: Christelike Universiteit.”

Afdeling A, oor die geskiedenis van die PUK, sou vyf komponente hê, te wete

1. Die geskiedenis tot met inkorporasie by UNISA (25p) – prof JP Jooste
2. Die geskiedenis vanaf inkorporasie, met statistiese (25p) – prof DW Krüger
3. Die lewensgeskiedenis van prof Postma (10p) – prof JC van Rooy, dr SP van der Walt (konvenor) en ds J Postma

4. Ander bouers aan die Universiteit (20p) – prof JC van Rooy
5. Die selfstandigwordingsfees, insluitende weergawe van die aangewese toesprake (50p) – prof HJJ Bingle.

As riglyn vir hierdie afdeling is gestel: “Die geskiedenis van ons Universiteit moet so omvattend gegee wees dat dit as naslaanwerk diens kan doen en dat dit nie nodig sal wees om later weer ‘n geskiedenis van ons Universiteit tot op datum te skrywe nie.” Latere historiese detailstudies, bv. as proefskrifte of verhandelinge, is egter nie uitgesluit nie.

Hierdie riglyn, waarin die eis van omvattendheid in so ‘n skrille kontras staan met die toegewese aantal bladsye, gepaard met die later aangekondigde keerdatum vir inhändiging van al die bydraes – ‘n skrale vyf maande later, 20 Oktober – getuig van akademiese naïwiteit in die ergstegraad. Hoe op aarde kon “die lewensgeskiedenis” van prof Ferdinand Postma, wat volgens die gedenkprogram ‘n “volledige lewensbeskrywing” moes wees, in tien bladsye beskryf word? En om darem net 50 bladsye te allokeer vir die voorafgaande geskiedenis, met al die drama en trauma en worsteling en stryd, getuig nie huis van ‘n besef van omvattendheid of van finaliteit vir sover dit die skryf van die inrigting se geskiedenis betref nie.

Die beplanners van hierdie gedenkboek sou veel beter gedoen het indien hulle eerder ‘n oorsigtelike, oorkoepelende publikasie ter bekendstelling van die PUK as mikpunt gestel het – iets wat op daardie stadium van sy bestaan en ontwikkeling broodnodig was.

Afdeling B, oor die Christelike wetenskap, het 12 temas omvat, waarvoor 20 bladsye elk toegewys is. Inleidend sou prof JD du Toit “Wetenskap en twyfel” bespreek terwyl die redaksie aan die einde ‘n gesamentlik samevatting sou gee. Tussenin behandel proff S du Toit die teologie, HG Stoker die wysbegeerte, G Dekker letterkunde, taal en kuns, Du Preez die sosiale wetenskappe, Viljoen ekonomiese wetenskappe, Coetzee opvoedkunde, Hattingh die sielkundige, karakterkundige en fisiologiese wetenskappe, Goossens biologiese wetenskappe, DJ van Rooy die matematiese en natuurkundige wetenskappe en dr. Joubert die juridiese en staatkundige wetenskappe.

As algemene doel vir dié groep medewerkers is gestel “beantwoording van die vraag: Wat maak die betrokke wetenskap (en kuns) Christelik?” Aandag sal gegee moet word aan die grondslae waarvan uitgegaan word, die grondbegrippe of grondbeginsels waarvolgens die wetenskap uitgebou word en die besondere metodes, ten einde “ons besondere standpunt en rigting te stel



in onderskeid van ander standpunte en rigtings". Van besondere belang is ook geag "hoe in die betrokke wetenskap die beginsel van sovereiniteit in eie kring en die aangewese wisselwerking met ander wetenskappe behartig word", met 'n samevatting van wat onder die besondere wetenskap verstaan word en hoe dit uitgebou word.

In afdeling C, oor die Christelike universiteit, moes prof J Chr Coetzee die geschiedenis, verskillende opvattings en die PUK se opvatting van die wese, terrein, taak, doel, funksies ensovoorts van 'n sodanige universiteit bespreek terwyl proff S du Toit, du Preez en Stoker die plek van die (Christelike) universiteit in die samelewing (verhouding tot kerk, staat, volk, gesin en maatskappy) onder die loep sou neem.²¹

In kort bied afdelings B en C, met die onderskeie temas en die uitgespelde riglyne, 'n duidelike beeld van die platform vanwaar die nuwe, selfstandige universiteit homself binne die breër nasionale en internasionale universitaire opset sou bemark.

Terugskouend was hierdie lofwaardige projek van meet af aan tot mislukking gedoem. Afgesien van die bogenoemde kritiek op die beplanning ten opsigte van die historiese komponent, sou die vasgestelde keerdatum van 20 Oktober ook die lewering van talle ander bydraes onmoontlik maak.

'n Maand na die bekendstelling van die gedenkboekprojek spreek swartgalligheid uit prof Stoker se tweede omsendbrief: slegs sewe skrywers het gereageer op die vraag of hulle die betrokke artikels wou lewer. Ook het "geeneen skrywer" laat weet of die toegekende aantal bladsye voldoende is, en of en hoeveel foto's hulle geplaas wil hê nie. Maar Stoker steek die swygendes 'n punt: "Die redaksie neem dus aan dat alger wat nie geantwoord het nie deur hul swye toegestem het om te skrywe"! En hy beklemtoon enkele teikendatums: 20 Oktober indiening, met finale afronding tussen 20 November en 1 Februarie 1952.²²

Soos immers verwag moes word, het daar van die inhändiging van bydraes teen 20 Oktober 1951 niks gekom nie. Teen Julie 1953 is as 't ware handdoek ingegooi en besluit om nie druk op medewerkers uit te oefen nie; die uitgee van die gedenkboek is uitgestel "tot 'n tydstipanneer alle ontbrekende bydraes verwag kan word"; intussen is reëlings getref vir die publikasie van inkomende bydraes in Koers. Ook is besluit dat die bydraes oor historiese temas saam in 'n brosjure²³ of, soos later voorgehou, in boekvorm²⁴ gepubliseer sou word.

Teen Oktober 1954 noem Stoker homself 'n "EEN-MANS-KOMMISSIE" en meld hy dat hy die skrywers

van afdeling A "herhaaldelik" aan hulle artikels herinner het. Jooste s'n is "lankal klaar en het in die lêers van Prof. Krüger veilige huisvesting", terwyl Krüger nog besig is met syne en goeie vordering rapporteer. SP van der Walt, Postma se skoonseun, berig dat sy swaer ds J Postma "alle informasie bymekaar het en hard besig is om dit te sistematiseer" terwyl Bingle van mening is (en Stoker instem) "dat dit mosterd na die maal is om alle dokumente, verslae, ens. van die selfstandigwordingsfeeste nou te publiseer". Hy is egter gewillig om daarvan 'n beknopte samevatting te gee, ter afsluiting van die publikasie.²⁵

Met sy afsterwe in 1954 het JC van Rooy se tema, "Ander bouers aan ons Universiteit", van die agenda verdwyn. Wat die ander artikels betref, is sommiges reeds in Koers gepubliseer maar het daar intussen, vanweë die ophoping van intreeredes wat gepubliseer moes word, oponthoud by Koers ontstaan. En op hoërvlak was daar kennelik ook frustrasie: die Raad het met waardering kennis geneem van wat tot dusver bereik is "en wil maar vertrou dat hy volgende jaar nog meer vordering sal verneem en dat die gedenkboek wel eersdaags 'n werklikheid sal word."²⁶

Intussen het JS du Plessis iewers tussen 1954 en 1956 DW Krüger se tema oorgeneem, waarskynlik vanweë laasgenoemde se dekaanskap en/of sy oorsese navorsing vir sy boek *The Age of the Generals*. Besmoontlik het hy sy navorsingsmateriaal oor die PUK aan sy kollega deurgegee.

Teen November 1956 het die fokus verskuif en handel dit bloot oor die bydraes met betrekking tot die geschiedenis van die universiteit. Stoker rapporteer dat hy nog nie weer die ad hoc-kommissie (bestaande uit homself, rektor J Chr Coetzee en prof DJ van Rooy) byeengeroep het nie want hy het nog geen verdere stukke ontvang nie. Hy meld ook dat hy die afgelope jaar "verskeie kere die betrokke persone aangemaan het om hul bydraes af te rond en in te handig". Jooste se stuk "is reeds lankal in ons besit", du Plessis s'n "is weens drukke werkzaamhede nog nie gereed nie en sal D.V. teen einde Jan. 1957 ingehandig word". Maar wanneer ds Postma se stuk oor prof Postma gereed sal wees, weet hy wat Stoker is nie – dalk het sy verskuiwing na 'n ander gemeente iets met die vertraging te doen. En oor Bingle se bydrae is nog nie 'n finale besluit geneem nie.

Die Raad (en Senaat) was geduldig en het vertrou "dat hierdie saak wel volgende jaar afgehandel sal word".²⁷

Waar vroeër op boekvorm besluit is, is teen die einde van 1956 besluit dat die historiese bydraes nou as bylaes tot Koers uitgegee sou word. In Junie 1957 nader Stoker op versoek van die rektor die redaksie van die blad met die oog op die maak van afdrukke,



met aparte omslae, van die historiese artikels van ds Postma, prof Jooste en dr du Plessis, wat geskeduleer is vir die uitgawes van Junie, Augustus en Oktober of Desember.²⁸ Maar hieroor ontstaan spanning: die redaksie van die tydskrif, by monde van prof WN Coetze, distansieer hulle van verantwoordelikheid vir die maak van herdrukke en Stoker vererg hom ietwat, en verwys die saak na die registrateur as persoon wat daarmee moet handel. Dis nie die kommissie se taak nie, sê hy, en voeg by: "bowendien het ek vir die volgende drie maande van die Raad verlof gekry."²⁹

Uiteindelik, in Augustus 1957, word die eerste en enigste van die historiese bydraes, dié van prof JP Jooste, "Die geskiedenis van die P.U. vir C.H.O. (tot inkorporasie)", in Koers gepubliseer. Die beloofde bydrae deur ds Postma oor sy pa het ook vergestalting gevind in 'n bydrae tot Koers, getiteld "n Lewenskets van Prof. Dr. F. Postma". Van die geprojekteerde "volledige lewensbeskrywing" van Postma is daar geen sprake nie; dit is maar bloot net 'n kort, kernagtige skets of oorsig van 15 bladsye oor Postma se lewe en loopbaan.³⁰

En du Plessis se projek het teen hierdie tyd 'n eie pad begin loop. Nadat ook die teikendatum van Januarie 1957 verpas is, vra du Plessis in Augustus dié jaar verdere uitstel: "Die omvang van die werk, sowel as verskeie probleme wat telkens opduik, maak dit vir my onmoontlik om die werk voor Februarie 1958 te voltooi ..." Maar daar is 'n verdere probleem: sy produk sal by voltooiing ongeveer 100 gedrukte bladsye beslaan – te lywig vir een Koers-bylae. Dit kan as drie of vier hoofstukke afsonderlik gepubliseer word, maar dit sal die geheelbeeld verbreek. Om dit te



5.4.15

Prof JP Jooste... het sy kant gebring met 'n bydrae oor die geskiedenis tot met inkorporasie.



5.4.16

Dr JS du Plessis lewer in 1961 'n indrukwekkende, magtige stuk werk, wat van gedugte vakmanskap getuig.

voorkom, "en aangesien ek probeer om die geskiedenis van die Universiteit so volledig moontlik weer te gee, is die natuurlike oplossing om die stuk onafhanklik en as geheel te laat druk".³¹

Die Uitvoerende Komitee was du Plessis se versoek om uitstel en wyse van publikasie goedgesind, maar die Raad wou nie aan die boek-idee byt nie: die artikel sal in een uitgawe van Koers verskyn en herdrukke vir verspreiding gemaak word.³²

Die argivale spore rondom die kwessie loop dood met die September-besluit van die Raad. Maar dinge het tog anders uitgewerk. In Junie 1959 noteer die Raad vordering van die "boek" van du Plessis en in September 1961, meer as vier jaar na die sperdatum van Januarie 1957, is du Plessis se finale produk op die tafel: 'n afgerolde, ingebinde bundel getiteld "*In U Lig: 'n Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, 1921-1951*". Dit beslaan 23 hoofstukke (teenoor die aanvanklik beraamde drie of vier) en meer as 500 bladsye (teenoor die beraamde 100).

'n Indrukwekkende, magtige stuk werk, wat van gedugte vakmanskap getuig. Maar wat desnieteenstaande, volgens eie erkenning en uitwysing deur die skrywer, steeds mank gegaan het aan sekere tekortkominge en leemtes en wat verdere betreding van die terrein van die geskiedenis van die PUK tot en met 1951 in die toekoms noodsaklik sou maak. Wat hier en nou, met "Wonderdaad ...!", gebeur het.